



Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Op pad met die wêreld

Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is (Matt 5:6, 10-11)

Elke dag word ons herinner aan die onreg wat daar in die wêreld is – van korrupsie tot uitbuiting van onskuldige mense. Ons leef in 'n samelewing waar mense smag na meer geregtigheid. Jesus beloof sy seën aan elkeen wat honger en dors na wat reg is (Matt 5:6). Dit is nie sommer net 'n soeke na geregtigheid wanneer ek lus voel nie. Nee, dit is 'n totale lewe in afhanklikheid van God waar ek elke dag sy wil soek in elke faset van my lewe. As ek in 'n regte verhouding met God staan, sal ek daarna strewe om reg met ander te leef.

Ongelukkig gebeur dit dat ons eerder wil vingers wys na ander wat onreg doen in plaas daarvan om na ons eie lewe te kyk. Onreg in my eie lewe word dikwels versag en ander se onreg opgeblaas. Ons moet ook voor mekaar erken dat dit nie altyd maklik is om die regte ding te doen nie. Jesus sê dat dit kan lei tot vervolging, belediging en valse beskuldigings (Matt 5:10-11). Is ons werklik bereid om die prys te betaal?

Mense wat onreg doen kry nooit genoeg nie – hulle is nooit versadig nie. Jesus beloof dat elkeen van sy volgelinge wat reg doen deur Hom “versadig” sal word (Matt 5:6b). Dit sal lei tot seën en vreugde in ons eie lewe, maar ook in die samelewing. Mag sy Heilige Gees ons elke dag hierin help en mag ons mekaar voortdurend aanspoor.



Sondag 27 Januarie

Geseënd is die wat honger en dors na wat reg is.

Matt 5:6

08:00 Meditatief	Werner Schultz
08:00 Klassiek	Breda Ludik
09:30 Meditatief	Werner Schultz
09:30 Informeel	Danie O'Kennedy
09:30 Jeugaktiwiteit	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Deurkollekte: Mosambiek Geletterdheid

Projekleier: Bertus van Schalkwyk

082 779 5244

vanschalkwykbetrus@gmail.com

Wat gebeur in die #Tienerkerk? Gaan kyk hier: <http://bible.com/events/547984>

WiFi

Aanteken - NG-Guest

Wagwoord - dJUD#U9K

Sondag 3 Februarie

Uitreikfees

Op pad met die wêreld

08:00 Meditatief	Paul Barnard
08:00 Klassiek	Madri Bruwer
09:30 Meditatief	Paul Barnard
09:30 Informeel	Madri Bruwer
09:30 Jeugaktiwiteit	
09:00 HGG	Pilot Loots
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Madri Bruwer
19:00 Aandkerk	Madri Bruwer

Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker
Desiré Groenewald - kanker
Fanie Schoeman - kanker
Sarel du Toit - kanker,
beenmurgoorplanting
Ria Sass - heupoperasie
Danie Schoeman - hospitaal
Botha Marais - herstel na operasie
Hannes Theron - tweede knieervanging, herstel tuis
Bernard en Marike Visser se baba, Carina (8 mnde), is baie siek
Deodi Fourie - breinoperasie
Paul en Michelle Swanepoel - ernstige gesondheidsprobleme
Van Zyl Siebert - kanker
Kerneels Erasmus - voetoperasie

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za



Die week:

Dinsdag 29 Januarie

06:00 Kom bid saam - Tent

19:00 Kerkraad - Kapel

Donderdag 31 Januarie

08:45 Bybelstudie gesamentlik
- Kapel

18:45 Kantory oefen

Dagboek

29 Januarie - Kerkraadsvergadering

Begin om 19:00 in die Kapel

31 Januarie - Dissipelskap retraite

Retraite na Shama Retraite Sentrum van 31 Januarie tot 3 Februarie. Kontak Corius Visser by 082 453 4636 of Danie Möller by 083 375 8444.

6 Februarie - Brandende harte

Lees meer op bladsy 5. Dit is 'n spiritualiteit-kursus wat al 500 jaar oud is en word aangebied van 6 Februarie tot 13 Maart.

7 Februarie - Pastorale-naratiewe kursus

Vorms en volledige uiteensetting is op die webblad beskikbaar of kontak Annette Botha by berading@nghelder.co.za

14 Februarie - Begin van 13 weke reeks

GriefShare, Divorce Care, Single&Parenting en DivorceCare4Kids begin om 17:30 in die Tent. Kontak Annette Botha by harmonyhelderberg@gmail.com.

17 Februarie - Nagmaal

Daar sal 'n nagmaalkuier na die oggenddienste in die Tent wees.

22 Februarie - Gemeentebraai

Hou die datum oop, meer inligting sal volg.

6 Maart - Aswoensdag

18 Maart - Phuket-uitreik

Alle kundigheid word benodig, lees meer op die webblad of kontak vir Louise Theron by 021-851 5582 of louise@nghelder.co.za.

13 April - Herfsmakietie

Kontak hellohelderberg@gmail.com vir meer inligting




Liewe dagboek

Gebed vir die week:

Ons Vader, ons loof U as 'n God van reg en geregtigheid. U wat U Seun Jesus Christus gestuur het sodat ons in 'n regte verhouding met U kan leef. Here, ons leef in 'n wêreld waarin daar baie min geregtigheid is. Ons treur hieroor en sal dit so graag anders wil hê. Heilige Gees, ons smag na meer geregtigheid in ons land. Help ons om elke dag U wil te doen, selfs al beteken dit dat ons beledig en vervolgd word. Ons bid vir die kerk van Jesus Christus in ons land. Mag ons as kerk werklik ligdraers in 'n donker wêreld wees. Amen.

Is jy 'n nuwe lidmaat?

Kom kuier saam met ons na die oggenddienste in die Tent by die Nuwe Lidmaat-tafel. Kry ook sommer jou koepon vir 'n lekker gratis koffie.

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Hugo en Karen De Koker met hulle kinders Rochelle,
Ryno en Rivan – Driehoek Vanderbijlpark
Heleen Tayler – Philadelphia Durbanville
Tienie en Marieta Van Staden – Brakpan



Jubeljaar

In Helderberg Gemeente wat vanjaar ons jubeljaar vier, is die Bybelse riglyne tov die Jubeljaar ook belangrik:

- Ons kyk terug met dankbaarheid oor die pad wat God met ons loop en vertel daardie stories, daarom benodig ons baie stories en foto's van elkeen.
- Ons ondersoek onself en maak reg. Die vrae wat ons geloofsonderskeidend vra, is:
 - * Wat moet ons op hou doen?
 - * Wat kan ons beter doen?
 - * Wat gaan ons nuut/anders begin doen?*LW ons/jy nie julle nie*



Bydraes kan gestuur word aan kommunikasie@nghelder.co.za

Kerkraadsvergadering

Ons word op verskeie maniere deur God, die veranderende konteks, lidmate en die wêreld waarbinne ons leef genoodsaak om weer opnuut te gaan dink oor kerkwees.

Is ons maar net 'n organisasie met wonderlike voor- en nadele; of is ons werklik besig met God, soveel so dat God met ons besig raak, nuut maak en verander om Sy kinders te wees in 'n veranderende konteks. Die kerkraad is besig met so 'n intensiewe proses – jy is welkom om te kom saamdink. sien jou Dinsdag om 19:00 in die Kapel.

Kom bid saam met ons elke Dinsdag-oggend van 06:00 - 06:45 in die Tent. Ons bid vir die Gemeente, ons land, kerkraad en ander sake. Jy is baie welkom om deel van die groep te wees en in afhanklikheid van die Here te leef.

“Brandende harte” - ‘n Spiritualiteit-kursus

Inhoud: 'n Praktiese inleiding in die passievolle spiritualiteit van Ignatius van Loyola, wat al vir meer as 500 jaar Christene inspireer. Die kernvrae waaraan aandag gegee word is:

- Hoe kan ek Jesus beter leer ken en my verhouding met God verdiep?
- Hoe kan ek God se wil en my roeping beter leer onderskei?



Aanbieders: Breda Ludik, Rob Clarke, en Linda van Heerden

Tyd: Woensdagaande 6 Februarie tot 13 Maart, 18:00-20:00

Plek: Joppe

Inskrywings: Kerkkantoor by 021- 851 5582

Koste: Soveel soos bekostigbaar is. R400 word aanbeveel, maar mense wat minder of niks kan bekostig nie, is welkom. Inbetalings word anoniem in 'n verseëelde koevert gedoen by die kursus.

Wie is Mari Bruwer?

Prediker by die Uitreikfees van 3 Februarie

Ek is grootmaak op liefde. My pa vertel graag hoe hy, met my geboorte, vir die buurman gesê het: “Ek het my meisiekind!” My ma vertel hoe die verpleegster die dag na my geboorte gevra het of sy steeds glimlag. 48 jaar later is hulle steeds aktief lief vir my en my dierbare, sterkste ouer broer! Op 10 jaar het die liefde van Christus my oorweldig en het ek Hom aangeneem as Verlosser en van toe dring Sy liefde my!

Die wingerdplaas in Bonnievale is my wortels; die kerkgemeenskap daar het my help grootmaak en my Afrikaanse onderwyseres is nou 'n vriendin. Na skool (1990) het ek die voorreg gehad om saam met oom

Pietie, tannie Annette en die Aksiespan in Kaapstad te bedien. Vanaf 1991 het ek Jeugwerk (B.Diac met Praktiese Teologie en Sielkunde as hoofvakke) in Wellington studeer, met 'n jaar se werk by 'n kindershuis in Chicago daarna.

Vanaf 1995 tot nou het ek die voorreg om by Straatwerk te werk, met die Bediening rakende prostitusie as verantwoordelikheid. In die tyd het ek verder studeer in Praktiese Teologie en Bediening en is tans besig met verdere studies in die veld van Praktiese Teologie.



Vanuit die kerkraad

Carlo Loubser (jnr) is aangewys as die nuwe leier vir Rentmeesterskap in die plek van Lawrence Visser wat oor jare 'n waardevolle diens gelewer het.

Daar is op die oomblik 6 vakatures op die kerkraad:

- 2 lede vir die Luisterspan (nominasies kan hiervoor ingedien word);
- die volgende bedieninge moet 'n nuwe leier aanwys: Onderlinge Sorg, Opbou en Aanbidding.
- Ons is ook in die proses om 'n nuwe Opbou Bedieningsbestuur saam te stel – fokus is op dissipelskap, Bybelskool, Bybelstudie en toerustings-geleenthede.
- Ons is ook besig om 'n nuwe taakspan vir die Fasiliteite en Terrein saam te stel en 'n nuwe leier vir die span.

Indien daar iemand is wat jy graag wil nomineer kan jy dit deur 'n e-pos of telefonies doen by Ontvangs (ontvangs@nghelder.co.za), Marisa Viljoen (marisa@nghelder.co.za) of Hannes Theron (hannes@nghelder.co.za). Ons soek manne en vroue wat met 'n passie vir God en 'n hart vir mense lewe en graag diens wil lewer. Dit is dalk jy!

Dinsdag, 29 Januarie begin die kerkraadsvergadering om 19:00 in die Kapel. Almal is welkom om dit by te woon.

Fasiliteite en Terrein Taakspan

Ons fasiliteite en terrein kort beslis aandag. Ons soek 'n span kundige manne en vroue wat saam met ons kan besin oor 'n sinvolle instandhoudingsprogram vir die volgende die jaar, maar ook kan saam dink oor die mees effektiewe benutting van ons fasiliteite en terrein ter wille van die gemeenskap en die gemeente. Daar is legio moontlikhede – ons soek net die regte persone (manne en vroue) om saam met ons te dink. Belangstellendes kan vir Hannes Theron (hannes@nghelder.co.za) of vir Antoinette du Toit (antoinette@nghelder.co.za) kontak.



Opbou Bedieningspan

Ons loop graag 'n pad saam met God, mekaar en die wêreld. Baie sê dit is my hartsbegeerte, maar help my daarmee. Dit is wat die Opbou Bedieningspan doen – ons skep ruimtes en geleenthede waarbinne mense kan groei in hul verhouding met God, die wonder van dissipelskap ontdek en om die pad saam met ander te loop, asook om die wonder te ontdek om juis ook op pad te wees met die wêreld. Ons soek ook hier die regte persone (manne en vroue) om saam met ons hieroor te dink. Is dit nie dalk jy nie? Belangstellendes kan vir Hannes Theron (hannes@nghelder.co.za) kontak.

Gelooffers – wat is dit en hoe werk dit?

Baie dankie aan almal wat die afgelope jaar so getrou gelooffers gegee het sodat die uitreikprojekte Christus se Hoop na 'n wêreld in Nood kon dra.

'n Gelooffer is 'n baie spesiale unieke ooreenkoms tussen jou en God.

Dit is 'n sprong in die geloof, omdat jy God vertrou om spesiaal vir jou te sorg en aan jou genoeg te gee, sodat jy 'n projek/uitreik kan seën. Jy kan ook besluit om iets prys te gee/op te offer vir 'n jaar en dit wat jy daardeur spaar as gelooffer te skenk.



Dit is 'n offer aan die Here. Bo en behalwe jou **dankoffer** wat jou Bybelse verantwoordelikheid is teenoor die gemeente en noodsaaklik is vir die bedryf daarvan. **Gelooffers vervang nooit dankoffers nie.**

Gelooffers kan finansies, tyd, gawes of enige iets anders wees wat jy graag vir die Here wil bring volgens jou passie.

Elke projek het 'n afsonderlike rekening by Helderberg Uitreik waarin die projek se gelooffers betaal word en dit is dan slegs beskikbaar vir die bepaalde projek.

Die '**Waar behoefte Bestaanfonds**' is vir geloofferbydraers wat nie seker is waar die nood die grootste is nie, maar dit aan die Uitreikbestuur oorlaat om hulle gelooffers toe te ken aan projekte wat dit die meeste benodig.

Kontak gerus vir Louise Theron by 021 8515582 of louise@nghelder.co.za as jy wil gesels oor jou gelooffer.

Gelooffers kan per internetbankdienste, debietorders, inbetalings by die kerkkantoor en per geloofferkoevert betaal word. Merk asb duidelik vir watter projek jy dit toeken, of vir die "Waar Behoefte bestaanfonds".

Baie dankie weereens aan ons geloofferbydraers. Julle gawes, tyd, gebede en hulp is 'n groot seën om Christus se Hoop na 'n wêreld in nood te dra. Mag julle geseën wees omdat julle ander so mildelik seën.

Bankbesonderhede:

Helderberg Uitreik

ABSA Helderberg

Rek 9114483080

Takkode 632005

(Merk asb die Projek se naam of WBB)



Helderberg Uitreik is geregistreer om Art 18A kwitansies uit te reik vir gelooffers wat vir plaaslike armoedeverligtings- of ontwikkelingsprojekte gemaak is. Laat weet asb vir Louise as jy een verlang.

Ondersteuning aan Wupperthal

Ná die verwoestende brand in Wupperthal staan Helderberg Uitreik die gemeenskap by met die volgende behoeftes wat geïdentifiseer is: Formulemelk vir babas, babadoeke, sanitêre ware vir vroue, en diesel.

Dié goedere sal Dinsdag, 29 Januarie, na Wupperthal geneem word en donasies kan nog tot Maandag 12:00 by die kerkkantoor afgegee word. Finansiële bydraes kan aan Helderberg Uitreik gemaak word, met die verwysing: Wupperthal.

Vir meer inligting, kontak Pia Nanny by 083 289 4876.



Eerste werkwinkel 2019

Kinderevangelisasie

Die jaar het goed afgeskop met ons eerste werkwinkel op 17 Januarie. Reeds in November 2018 is saam besin oor die tema en watter lesmateriaal gebruik gaan word. Die tema was "GAAN" na aanleiding van die lesmateriaal oor Moses se roeping en al die wonderwerke wat God deur hom gedoen het om die Israëliete te bevry.



Dit is altyd 'n groot vreugde om die vrywillige leidsters na die vakansie te ontmoet en te inspireer vir die kwartaal wat voorlê d.m.v. lesdemonstrasies, nuwe liedjies, en algemene wenke van hoe om jou lestyd ten beste te benut. Ons is die Here baie dankbaar vir elke leidster wat elke kwartaal weer kom aanmeld en getrou haar groepie kinders ontmoet in die verskillende skole, kleuterskole en woonbuurte waar ons werk en hul dan begelei om dissipels van Jesus te wees.

Die Kinderevangelisasie-projek word geseën deurdat daar gedurig nuwe deure oopgaan vir meer Bybelklubs en daarom is daar altyd 'n behoefte aan meer en nuwe leidsters. Enige persoon wat graag betrokke wil raak is baie welkom om ons te kontak vir meer besonderhede. Belangstellendes en ondersteuners van die projek is ook baie welkom om volgende kwartaal op 4 April die werkwinkel by te woon.

Kontak: Sus van Niekerk by 076 746 4581 of Minette Krog by 083 655 0111



Komersie-projek

Die Dienssentrum is weer volstoom aan die gang met die komersie-projek. Wil jy dalk help om iemand lekker warm te laat slaap die winter? Neem deel aan die projek of as jy dalk oorskiet wol het om te gee dan kry ons hande om te brei. Klaar gebereide blokke is net so welkom.

Kontak Yolandi by die Dienssentrum 021-850 6912



Phuket-uitreik 2019

Het jy al besluit om deel te wees van die kortuitreik onder leiding van Breda Ludik wat beplan is vir 16-31 Maart 2019? Hierdie mense het ons nodig:

- Bou van 'n heining, sweiswerk
- Bouers en argitekte kan help met raad en advies oor addisionele geboue wat ons graag wil ontwerp en bou, maar nie noodwendig 'n argitek kan betaal daarvoor nie bv. buite braai en kuier area by ons akkommodasie gedeelte
- Tuinontwerper - (*landscaping and gardening*)
- IT, sosiale media en webblad
- Bemaking en *re-branding* van organisasie
- Ontwerp van nuwe bemakingsmateriaal
- Fotografe
- Nuwe video's help om ons storie te vertel vir fondswerwing en kan ook help om ons vordering aan ons borge beter uit te lig

Opleiding van ACF spanlede in:

- Handhawing van dissipline in 'n klaskamer
- Basiese berading
- Beplanning, monitor van vordering en verslaggewing opleiding (spesifiek vir NGO's)
- Strategiese beplanning; kinder- en jeugbediening strategie en opleiding, gesinsbediening strategie
- Advies en leiding oor ACE (*Accelerated Christian Education* van die *School of Tomorrow*) kurrikulum en skoolbestuur
- Geestelike ontwikkeling: werksinkels oor 'discipling', Bybelstudie
- Sportbediening
- Engelse klasse vir spanlede
- Basiese fotografie opleiding aan spanlede en kinders

Lees meer oor Asia Center Foundation by <http://www.asiacenterfoundation.org/>

Inskrywings

**sluit 4 Februarie
2019**

Vir meer inligting,
kontak asb
Louise Theron by
021-851 5582 of

Helderberg
UITREIK



Dissipelskap retraite

Ons gaan van Donderdag 31 Januarie tot Sondag 3 Februarie 'n "restourasie retraite" met Deon Loots as begeleier doen. Enigeen is welkom om dit by te woon.

Die koste is R1 700 per persoon, (vervoer, verblyf, kos en handleiding ingesluit). Dit is 'n baie goeie belegging in tyd en in geld in jou lewe. Bespreek jou plek so gou moontlik.

Kontak: Visser 082 453 4636 of Danie Möller 083 375 8444



Kursus vir berading

Helderberg Beradingsentrum bied hierdie jaar 'n pastorale-narratiewe kursus aan op eerstejaarsvlak. Almal met 'n hart vir mense en 'n behoefte om ander te ondersteun is welkom om in te skryf vir die kursus.

'n Volledige uiteensetting van die kursus en die inskrywingsvorm is op die webblad beskikbaar of kontak vir Annette Botha by fbadmin@nghelder.co.za vir meer inligting.



Drastyd
DROSTYD TEATER

30 JAN 2019

OP REIS
'N HULDEBLIK AAN ANNALISE WIJD

MATTHYS MAREE (HARDEKLOOF), KLAARVANTROUW, JANNE DU TOIT (SAG EN STAM),
HILANDI DU TOIT (SAG EN STAM), MAURITZ LOTZ (SAG EN STAM), DAVID KLASSEN (SAG EN STAM),
HELENA CONRADIE (WEDERBOD)

TICKETS AVAILABLE AT WWW.DROSTYDTEATER.CO.ZA

Beste vriende van Annalise,
OP REIS - 'n Huldeblyk aan Annalise Wijd

"Annalise is van woord en wyses aantekbaar gewees. Sy het deur haar stories, liedjies en rubriek van God, die mens en die lewe vertel en sy het vir baie gereis om dit sing-sing met haar gehore te deel".

Annalise Wijd is weg nie waar sy behoort – maar ons dra steeds haar ritmes, hese daas, haar woorde, haar vuur, haar gees, haar brood, haar water en grond in ons rugzak met ons sapies!

Kom sluit by ons aan om net so 'n entjie saam op hier kaalvoet-reis te stap.

30 Januarie 2019
(Annalise se Verjaarsdag)
20:15 | Drostyd-teater
R120 | Bespreek by
Computicket deur op die uitnodiging te klik

Dood, egskeiding of enkelouerskap?

Harmony projek bied 2 keer per jaar die GriefShare, DivorceCare, DC4Kids en Single&Parenting kursusse aan. Dit is inter-kerklike programme gegrond op Bybelse waardes om persone en gesinne te help met die dood van 'n geliefde, egskeiding of enkel ouerskap.

Ons volgende 13 weke siklus begin weer Donderdag, 14 Februarie. Ons eet vanaf om 17:30 saam en om 18:00 – 20:00 word die onderskeie programme aangebied.

Kry gerus 'n brosjure met meer inligting by die kerkkantoor of lees meer op ons webblad <http://www.nghelder.co.za/> of op

<http://www.churchinitiative.org/>. Enigeen is welkom, ook nie-lidmate.

Kontak ons ook gerus as jy op 'n ondersteunende manier wil betrokke raak as donateur of adviseur.

Navrae aan Annette Botha (projekleier) by harmonyhelderberg@gmail.com

Helderberg
UITREIK



HARMONY

Relationships
Restored & Reconnected

DIVORCE Care

DC4K
DivorceCare for Kids

SINGLE & PARENTING

GRIEF SHARE

Maak die datum vas:

6 April 2019 - Kom kuier lekker saam!

Luister na en dans op die musiek van 'n regte orkes en 'n verskeidenheid van kunstenaars uit die boonste rakke.

Hierdie fondsinsamelingsfunksie word aangebied by die Curro Sitari skoolsaal deur die Hoop Geloofsgemeenskap se uitreikspan, ten bate van die Pêrel Projek ('n bemagtigingsprojek) van Helderberg Uitreik.

Navrae: Bertus van Schalkwyk by vanschalkwykbertus@gmail.com of bel hom by 082 779 5244

Aandete vir Isaac uit Mosambiek

Ons het verblyf vir Isaac gekry, dankie, maar wil jy nie vir Isaac nou vir aandete en hom aan jou gesin en of omgegroepe bekendstel nie?

So sal hy ons gasvryheid beleef en in ruil vertel van die lewe in Milange, Mosambiek.

Kontak gerus vir Bertus van Schalkwyk by 082 779 5244 om reëlings te tref.

Helderberg
UITREIK

**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg NG Gemeente

021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za


**Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A**

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure

Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

 SnapScan

 SnapScan



PXMP14718



PXMP14718

Helderberg Gemeente

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansiell en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds



**Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede**

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*